



TOULEIER



Varkvleis uit die grond en kokablare

Hoofstuk 3 Deel 23

Ná nog ’n baie streng mediese ondersoek verklaar die Peruviane my geskik vir werk op hoë vlak. In die geval nie vir ’n hoër pos nie, maar net om te mag werk daar bo tussen die wolke in die hinterland van Peru.

Dis ’n nuwe goudmynontwikkeling genaamd Antamina wat bokant 4 500m bo seespieël geleë is. Dit is ongeveer ’n agt uur rit na ’n afgeleë gedeelte en selfs die toevoerpaaië daarheen moes van nuuts af uitgelê en uit die sye van die berge gekerf word. Soos ek voorheen genoem het, is Peru een van die lande waar hulle nie buitelanders laat bestuur nie. Ons senuwees sou dit in elk geval nooit hou nie. Hulle en die Filippyne is ewe mal en onverantwoordelik as dit by hulle bestuurskultuur kom.

Saam met die drywer is ons vier manne wat met die viertrek groen Pajero pad vat vroeg een Sondagoggend. Juis Sondag want dan is die paaië in en om Lima stiller. Die Peruviane lag vir die kar se naam in Spaans. Wie vernoem nou ’n model na ’n papegaai? In die buitewyke van die stad is die verkeersbeampte egter steeds op sy pos en verlig hy ons bestuurder van nog ’n gebruiklike tien Amerikaanse dollar wat netjies vir hom in sy reisdokument aangegee word. ‘Tolgeld’ betaal, ry ons noord al langs die kus op en raak die wêreld nog valer en al hoe meer dor. Dit is nouwel ’n netjiese breë teerpad wat al langs die voet van die Andesgebergte kronkel met die see altyd in sig in die vêrte, maar Uys Krige se gedig oor die soldaat in die woestyn doem steeds in my kop op.

In hierdie dorre verlatenheid / van ’n vaal wêreld / wat langsamerhand veryl, vervloei / sy vae omlyninge verloor / in ’n nog valer hemel ...

Net duskant Fort Wajier, net sodra mens begin wonder of jy ooit weer iets groen gaan sien, swaai ons in ’n vallei op en begin vinnig hoogte kry. Soos ons klim, kom daar al hoe meer tekens van lewe. Bossies en bokke verskyn langs die pad soos ons van die een kant van die vallei na die ander kronkel.

Klein klei huisies met plat rietdakke raak al hoe meer en kom sit styf teen die pad. So met die ry begin ek ’n dowwe hoofpyn ontwikkel. Seker maar die honger, maak ek dit af. Dan trek die drywer af by een van die dorpies.

“Vandag laat ek julle proe aan ’n eg plaaslike dis,” vertel hy oor sy skouer. Gedagtes van die onlangse gemaalde paddas op TV, druk die honger morsdood. Ons sit egter aan by ’n bord van sappige smullekker varkvleis en aartappels wat geurig sag op die mond is.

Ná ete gaan wys hy ons agter die restaurantjie hoe hulle die dis onder die grond gaarmaak. Daar word ’n gat van so ’n halwe meter diep gegrawe en met hout onder in hom vuurgemaak. Sodra daar genoeg kole is, word helfte uitgeskep en plaas hulle ’n platboom gietysterpot op die kole, maak die deksel toe en skep dan die res van die kole bo-op. Die gat word dan toegegooi en so vyf ure later eers weer oopgemaak.

Lekker geëet maar die hoofpyn is egter steeds daar.

Asof hy gedagtes kan lees, kondig die drywer aan dat ons nou al heelwat van ’n hoofpyn behoort te hê. “Onthou, ons het binne ’n paar ure meer as drieduisend meter bo seespieël geklim,” merk hy op, “Kou aan hierdie blare, dit sal help” en hy hou ’n handvol wat na groen mintblare lyk, na my uit.

So gemaak so gekou en daar eet ek my eerste kokablare!

Hennie Greeff
UITGEWER
Onrusrivier
pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Kyk hoe wemel dit van Janne!

Een van die gewoonste Afrikaanse mansname – Jan – word in velerlei uitdrukking gebruik:

Jan Alleman (Jan en alleman): Die deursneepersoon. (Let wel: Tog nie Jan Burger nie!)

Jan Balie: Man met 'n groot maag.

Jandooi: Slaperige persoon sonder energie.

Janhen: Vrouagtige man.

Jankalbas: Sukkelaar.

Jan Kieser: Die gewone burger wat stemreg het.

Jan Taks: Die belastingaarder.

Jan Laventel: Opgetooide, spoggerig aangetrekte man.

Janklaas: Hanswors, grapmaker.

Mal Jan onder die hoenders: Die enigste man tussen 'n klomp dames.

Jan Pampoens: Niksbeduidende stommerik.

Jan, Piet en Klaas: Almal, enigeen (Paul, Dick and Harry).

Jan Rap: Niksbeduidende persoon. Almal, die hele gespuis. Elke Jan Rap en sy maat.

Jan Salie: Papbroek, lamsak, iemand sonder fut.

AFORISMES

Aforisme:

'n Kort en tot die punt sin wat 'n algemene waarheid of wysheid uitbeeld.

1. Die lekkerste van die toekoms is dat dit eers môre begin.
2. Geld kan 'n goeie hond koop, maar net goedhartigheid sal sy stert laat swaai.
3. As jy nie n sin van humor het nie, het jy waarskynlik ook geen ander sinne nie.
4. Veiligheidsgordels is nie half so ongemaklik soos rystoele nie.
5. 'n Goeie tyd om jou mond toe te hou, is wanneer jy in diep water verkeer.
6. Sakekonferensies is nodig om te bewys sonder hoeveel mense 'n maatskappy kan klaarkom.
7. Hoekom voel mens altyd soveel jonger as wat jou maats op 'n skoolreünie lyk?
8. Streel net een keer 'n kat en jy het 'n permanente werk.
9. Niemand het soveel dryf in hom as tiener wat 'n kar wil koop nie.
10. Daar is slegter dinge wat kan gebeur as om 'n oproep vieruur in die oggend te ontvang na 'n verkeerde nommer. Dit kan die regte nommer wees.

Afrikaans is tog so 'n leuk taal!

'n Reisigersgids om Afrikaans te verstaan.

****Bromponie:** Lekker brommen op je bromponie klinkt misschien niet zo stoer, maar is het wel. Een bromponie is namelijk een scooter.

****Riller:** Een eng boek of een enge film ga je van rillen. /Thriller/ it is.

****Loslappie:** ... zeker als je vrijgezel (loslappie dus) bent!

****Verkleurmannelietjie:** Dit dier past zich aan aan zijn omgeving en verkleurt daarom nogal vaak: een kameleon.

****Wegneemetes:** *Logisch toch? Iemand zin in een afhaalmaaltijd?

****Lugwaardin:** Zoals de waard is, is 'ie in de lucht ook. Of zoiets. In ieder geval betekent 'lugwaardin' stewardess.

****Ek hou jou fyn dop!** Op de één of andere manier klinkt dit een stuk aardiger dan wat het betekent, namelijk: 'ik hou je in de gaten'.

****Duikweg.** Een weg die onder de weg door duikt: een viaduct.

****Kameelperd:** Ga je op safari en wijst je gids je erop dat er een kameelperd langs rent? Het gaat hier niet om een onontdekte diersoort: kameelperd betekent namelijk giraffe.

Duskantlander in Anderkantland

Van die hand na die tand

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.



Natuurlik is daar hope plekke waar mens kan uiteet in Akkra. 'n reuseverskeidenheid nasionaliteite en pryse en als kom neer op hoe ver mens wil rondrits as jou lus uithang vir aartappel-visballetjies. Met tannie Google byderhand is daar 'n makliker opsie: Vind die resepe en ooreed my Vrystaatman hy is ongelooflik sexy in die kombuis.

Ek is geen bobaas kok nie, maar ek weet hoe om myself met diegene te omring wat ken van bontstaan in die kombuis. Een kyk na my ronde vorm, weet jy sommer ek ken wel van lekker eet. Met hoërskool huishoudkunde en my ouma se ure se geduld, kán ek gangbare etes opdis en bak wanneer familie kom kuier, maar my kobuiskaskenades is beslis nie 'n hartsaak nie.

Terug by die aartappel-visballetjies. Ek duik in die groenterak rond tussen uie wat weer begin groei het en aartappels met witooguitgroeisels. "Pas gekoop en reeds oud", sê ek. Maar niks bring my van stryk nie – ek nipper die skille weg en gee aan sodat als in die resepe verwerk kan word. Haal wit seevis uit die vrieskas sodat die vis nuwe lewe kry en rondwip in die pan terwyl dit gaar stoom in melk en botter.

Rooiwynglas in die hand en resepe wat vorm aanneem, staan ons en herkou aan die gedagte van Ghanese vrouens wat aartappels en mielies plant. In 'n olie en goud verrykte land word 50% van hierdie Ghanese ekonomie deur bestaansboere aan die gang gehou. Net 5% van al die landbou word kommersieel benut, die res is 'n hartseer sukkelbestaan vir oorlewing en 'n vloekskoot as hulle iets kan verkoop wat inkomste genereer. Menigtal vrouens wat een tot twee akker bewerk, hoop om ten minste vyf sakke per akker te oes.

Ek steek mos my neus in almal se sake en knoop geselsies aan met vreemdes wat oor my pad kom. Dit is so dat elke tweede persoon buite die groot stede soos Akkra, Kumasi en Tamale 'n bestaansboer is. Deur die bank is almal van hulle iewers met 'n radio'tjie laatmiddag in die sonnetjie besig om aandagtig te luister na *Farm Radio*, 'n Internasionale radioprogram wat in plaaslike tale, jou als leer oor boerdery.

Adjoa Kumoa is so 'n boerin wat na *Agro Forum* se radioprogram luister. Adjoa vertel sy het aanvanklik 'sommer orals geplant', maar dat sy nou in rye plant, minder sade in die grond druk en meer mielies kan oes nadat sy bemesting begin gebruik het. Hierdie jaar het sy dubbel die oes uit een akker waar sy voorheen drie akker bewerk het. Sy lag en trek met growwe vinger so swiep-swiep op haar slimfoon en wys haar plaasfoto's. Trots staan sy tussen skouerhoogte mielies en hou een tamaai kakaovrug omhoog. Sy het haar foon gekoop met verlede jaar se oes, hospitaalkostes gedek en stuur twee van haar drie kinders skool toe.

Op by Akkra woonstelstoep het ek 'n paar pampoenpitte en tamatiepitte in 'n potplant gedruk. Binne enkele dae het ek behoorlik die reëndans uitgevoer toe ek die groen tweeblaarnekkies deur die potgrond sien druk. Trots het ek foto's geneem en gedroom van my stoep oes en hoe die pampoen en tamaties sou smaak.

Enkele dae later het die pampoen wild en wakker blare gevorm en die rankertjies het orals aan die balkon- prieel vasgeklou. Die tamatieplant se blare het in die son geskroei en die plant is na die skadukant geskuif toe die geel blommetjies bod. Vaderland, wat 'n terleurstelling toe ek na net een naweek van braai en kuier nie my stoepboerdery onder oë gehad het nie!

Een reusesprinkaan het homself verlustig aan my pampoene, sy makker genooi en die hele karnaval het verwoesting gesaai en binne drie dae het die pampoenplant swart verkleur en begin vrek. Nodeloos om te noem, vermoed ek my pa se groen vingers is saam met hom graf toe en ek het niks daarvan geeërf nie. Daar is twee treurige albastergrootte tamaties wat reeds geel verkleur het en ek oorweeg om die plant uit te pluk as vorm van genadedood.

Deesdae probeer ek eerder vars groente en vrugte van straatmouse en stalletjies aankoop en sodanig die middelman uitsny. Ek het 'n heilige respek vir enige boer wat 'n oes kan lewer, en groot waardering vir meesterlike kokke wat aartappel-visbolletjies kan optower.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

NUWE EETGEREEDSKAP



VIR MENSE OP 'N DIEET

DRONKIE SE OORDEEL

Die vrou was besig om haar kruideniersware op die betaaltoonbank uit te pak: melk, eiers, lemoensap, 'n pakkie spek, 'n slaaikop en 'n bottel kitskoffie. 'n Dronk ou het agter haar gestaan terwyl die items opgelui word.

"Jy moet ongetroud wees," het hy gesê.

Die vrou wou hom eers ignoreer, maar kyk toe na haar aankope en wonder hoe die dronkie by sy oordeel uitgekom het.

"Ja, jy's reg," sê sy. "Maar hoe het jy dit geweet?"

"Want jy is donners lelik."

EK HET SKULDIG GEVOEL DAT EK NIE DRAF NIE

maar toe lees ek Spreuke 28:1

"Die goddelose hardloop weg al jaag niemand hom nie, die regverdiges het die moed van 'n leeu."

PROBLEEM OPGELOS

SPEELTYD

Dis speelyd en die kinders staan op die Suid-Afrikaanse speelgrond rond.

Skielik kry iemand 'n idee.

"Kom ons speel *cops 'n' robbers!*" sê hy.

"Wat wil jy wees? 'n Cop of 'n robber?"

Antwoord sy maatjie: "Wat is die verskil?"

AFRIKA-SAFARI

'n Beroemde dokter gaan op safari in Afrika. Toe hy terugkom, vra sy vriende hoe dit was.

"Aaklig," sê hy. "Ek het nie een ding doodgemaak nie. Ek kon baie meer suksesvol gewees het as ek in die hospitaal gebly het."

RASSISME

'n Swart seuntjie vra sy pa: "Pa, wat is demokrasie?"

Pa: "Wel, seun, dis wanneer die wittes werk, en ons pluk die vrugte."

Seuntjie: "Maar maak dit hulle nie baie kwaad nie?"

Pa: "O ja, maar dan noem mens dit rassisme."

LIEG DAN

Piet en Klaas tel drie handgranate op en besluit om dit polisiekantoor toe te neem.

Piet: "Sê nou een van hulle ontplof voor ons daar kom?"

Klaas: "Dan lieg ons en sê vir hulle ons het net twee opgetel."

Jy benader nooit 'n perd van agter, 'n bul van voor en 'n idioot van enige kant af nie.

ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

REKENAARTERME

en wat hulle beteken

Monitor – Wanneer jy 'n ogie oor die braaivleisvuur hou.

Aflaai – Wat jy met die hout van die bakkie af doen.

Sleutelbord – Waar jy die bakkie se sleutels hang.

Venster – Wat jy toemaak as dit koud word.

Skerm – Wat jy in die veld opslaan teen wind.

Greep – Stoeiterm.

Kilogreep – Stoei met gewigte.

Megagreep – Waarmee 'n moerse groot ou bladskud.

Skyf – Sigaret.

Hardeskyf – Ou zol wat droog geword het.

Mikroskyf – Daai laaste enetjie onder in die leë tjips pakkie.

Dot Matriks – Oom Jan Matriks se vrou.

Sageware – Komberse, kussings en lakens.

Hardeware – Pype, krane, verf, hamers en spykers.

Muis – Daai diertjie waarvoor meeste meisies so bang is.

Hoofraam – Jou beste bril.

Web – Vlies wat paddas tussen hul tone het.

Webwerf – Jaart met baie spinnekoppe.

Soekenjin – Wat jy moet doen as jy die bakkie buite vergeet het.

Yahoo – Wat jy skree as jy die enjin kry.

Bediener – Ou wat die drankies aandra.

Gebruiker – Die buurman wat gereeld iets kom leen.

Netwerk – Wanneer jou vangnet gate in het wat jy moet regmaak.

Internet – Stap net in.

Aanlyn – Waar die vis is as jou aas werk.

Omgesukkelde tante laat 'diewe' spaander

'n Bejaarde tante het haar inkopies gedoen en toe sy by haar motor kom, sit daar vier mans in die kar wat op die punt is om te vertrek

Sy het haar pakkies gelos, haar pistool uitgepluk en geskree: "Ek het 'n wapen! Ek kan skiet! Klim nou uit die kar!"

Die vier mans het uigeklim en laat spat en die tante het gespanne haar inkopies in die kasse begin pak.

Toe sy in klim, ontdek sy dat sy nie haar karsleutel op sy plek kan indruk nie. Ná 'n gesukkel kom sy toe die rede agter. Dit was dieselfde rede as hoekom daar twee pakke bier en 'n bottel whisky op die voorste sitplek gelê het. 'n Paar minute later kry sy toe haar motor laer af in die geparkeerde ry.

Sy het toe haar pakkies oorgepak en na die polisiekantoor gery om haar fout te rapporteer. Die sersant kon nie ophou lag nie. Hy beduie toe na vier stoele waarop vier mans sit wat 'n motorkaping deur 'n ouerige grys dame aangemeld het. Sy was wit, vyf voet lank, met grys krulhare, 'n bril en 'n groot pistool.

Albei klagtes is teruggetrek. En die punt van die storie? As jy 'n senior oomblik kry, moet jy dit die moeite werd maak!

Dinge oor vlieg waarvan jy dalk nie geweet het nie

1. Jy verloor van jou smaakliere in die lug.

Kos smaak nie lekker op 'n vliegtuig nie en dit het niks met die sjefs te doen nie. Dis omdat een derde van jou smaakliere nie werk nie. Dieselfde geld drank.

2. Verskillende maaltye vir vlieëniers,

Die meeste lugdienste dring daarop aan dat die vlieënier en sy hulpvlieënier nie dieselfde kos eet nie – net geval een dalk besmet is.

3. Vliegtuie is so droog soos die Sahara.

Jy het dalk al opgelet hoe droog jou hande en jou keel voel as jy vlieg. 'n Vliegtuig is letterlik so droog soos 'n woestyn, met net 20% humiditeit, die gemiddeld in die Sahara.

4. Jy verloor vloeistof tydens 'n vlug.

Die droë lug tap water uit jou liggaam, sowat agt onse per uur. Vir 'n vlug van tien uur is dit rofweg twee liter.

5. Die doof van die ligte voor opstyg en land is nie vir 'n stemmingseffek nie.

Dis sodat passasiers se oë by die donkerte kan aanpas in geval die ligte in 'n noodsituasie afgaan.

6. Vliegtuie is so droog soos die Sahara.

Jy het dalk al opgelet hoe droog jou hande en jou keel voel as jy vlieg. 'n Vliegtuig is letterlik so droog soos 'n woestyn, met net 20% humiditeit, die gemiddeld in die Sahara.

7. Die gaatjie in die venster kan jou lewe red


Het jy al die gaatjie aan die onderkant van jou venster opgelet? Dis 'n asemhalingsgaatjie. Behalwe dat dit jou in die lug warm hou sodat jy nie te koud kry nie, reguleer dit ook die lugdruk. As iets met die buitenste ruit van die venster gebeur, sal die lugdruk nie die binneste ruit laat breek nie. Gebeur dit wel, sal jy skielik suurstof op 10 000 meter begin inasem. Dit is die eerste fase voor jy na die maskers gryp.

8. Vlerkspan langer as eerste vlug

Wilbur en Orville Smith se nooiensvlug in 1903 was sowat 125 voet ver. Die vlerkspan van die grootste kommersiële vliegtuig, die Airbus 380, is 262 voet.

ONDER:

Die eerste vlug van Wilbur en Orville Smith in 1903.



Geïrriteerde lugwaardin op 'n stamperige vlug: "Almal moet asseblief in hul sitplekke vasgordel terwyl Kaptein Kangaroo probeer om die vliegtuig te land."

Ou storie van die SAUK

Cor Nortjé, gesiene ouduitsaaiër, vertel hierdie storie van sy oudkollega Pieter de Bruyn:

As dit jou jop is om 'n direkteur van programme by die SAUK te wees, moet jy dikwels konferensies bywoon met allerhande soorte mense. So beland Pieter by 'n konferensie van swart predikante. By die ete agterna, sit hy langs 'n waardige oubaas. Hulle verneem na mekaar se geskiedenis, en dit blyk dat hulle naby mekaar in die Waterberg grootgeword het.

Toe Pieter die naam van sy pa se plaas noem, raak die oubaas tranerig van herinneringe.

"Ek onthou jou pa, sê die ou. Jy en jou broer Frans was só hoog." En hy beduie plathand net bo die tafelblad.

"Ek onthou daardie plaas goed. Dit was nie ver van die lokasie af nie. Ek sal nou nog in die nag daar kan loop. Ons het altyd julle beste gesteel."

Pieter sê: "En daar val ons mekaar om die hals soos bloedbroers."

Verjaardagpresent

Die man neem sy vrou uit vir haar 40ste verjaardag.

"Wat wil jy present hê: 'n Jaguar, pelsjas, diamante?"

Sy: "Ek wil 'n egskeiding hê."

Hy: "Ek was nie van plan om só baie geld te spandeer nie."

Kennisgewing in 'n kroeg:

Dié van julle wat drink om te vergeet, moet asseblief vooruit betaal.

Petalje met 'n mooi jong locum



Ons gesin ondersteun Dr. T. reeds vir 36 jaar. Soos ek na sy spreekkamer loop, dink ek hoe jonk hy destyds was. Hy stap ook aan in ouderdomsmaan.

Tot my verbasing sit hy nie agter sy lessenaar nie. Ek bekyk die blonde meisie in sy stoel. Sy sê ek kan maar sit. Dit lyk of sy pas matriek geskryf het.

"Ek staan in vir Dr. T, wat met vakansie is. Hy sal weer in Januarie terug wees", sê sy. Sy stel haarself voor as Dr. C.

Skielik kry ek so 'n jakkalsstreek in my kop.

Ek komplimenteer haar dat sy op so 'n "skynbare" jong ouderdom al 'n dokter is.

Tweedens dat sy pragtig lyk en dat haar klere so mooi met haar hare saamgaan. Ek hou aan om haar met die heuningkwas by te kom.

Ek maak ook spesiale melding van haar goed versorgde naels en dat hulle kort is. Sy geniet die vleitaal wat ek oor haar voorkoms uiter. Watter vrou sal nie?

"Kan ek Oom help?"

My plan van aksie se wiele begin loop. "Dokter, ek het gekom vir my jaarlikse prostaatondersoek."

Haar mooi wit gelaat begin om stadig al donkerder te word. 'n Verkleur-'vroutjie'. Ek glo my aanmerkings oor haar naels het soos 'n donderstorm in haar kop gemaal.

Ek kyk ernstig in haar blou oë. Sy lyk ongemaklik. Voor haar sit 'n ou man, gryskop en 67 jaar oud. Geen sweempie van 'n glimlag op sy gesig nie. Hierdie oubaas is ernstig. Daar is nie uitkoms nie. Daar is 'n doodse stilte, net 'n gestaar na mekaar.

Ek besluit om haar uit haar penarie te verlos.

"Dokter, eintlik is hier vir 'n herhalingsvoorskrif vir my chroniese medikasie. Jy sal al die inligting in die lêer kry."

Ek begin lag.

"Bliksem Oom, dit was nie snaaks nie!"

TWEE ANTIES AFFIE 'PLAIN

Twee anties van Mitchells Plain loop by 'n winkel in Westgate Mall in om vir hul nefie 'n geskenk vir sy mondigwording te soek.

Hulle besluit op sakdoeke met 'n voorletter op, en vra die verkoopassistent vir sakdoeke met "E" op. Sy soek en soek en sê vir hulle sy's jammer maar die E's is uitverkoop.

Die twee anties stop ongelukkig uit, en die een vra: "Hel, Sêra, wat koep ons nou vi' Andrew vi' sy 21st?"



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se vanne:

Castelynue liesl.a@hotmail.com

Pupa Sydney Benjamin Castelynue getroud en geskei van Susanna Johanna Christina Castelynue (nee Kruger) twee dogters Yvonne Pricilla Humpel (nee Castelynue) Thelma Leo Nora Hind (nee Castelynue). Ons soek net enige inligting oor Sydney het kontak verloor, wou net weet of hy nog lewe.

Van Zyl cor.vanzyl@gmail.com

Cornelis Johannes Petrus Gerhardus is familie name.

Oupagrootjie gebore 30/03/1879 Oupa gebore 16/12/1911 oorlede Aug 1995.

Self gebore 11/06/1947 Seun gebore 26/06/1979 Kleinseun gebore 02/08/2016.

Schoonbee cschoonbee@gmail.com

Hilda Maurine Senekal (nee Russell) gebore 03/08/1937 sterf [08/1989](#) in Durban

Nog vanne wat ingekom het: Van der Merwe, Scheffers

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Vier studente skryf toets

VIER universiteitstudente het een aand aan 't suip gegaan en vere gevoel vir die volgende dag se klastoets.

Die volgende oggend het hulle plan gemaak: Hulle het hulself met modder, ghries en olie besmeer, na die dekaan gegaan en vertel hoe hulle na 'n troue op pad was toe 'n band bars. Die noodwiel was pap, en hulle moes die kar die hele pad huis toe stoot en nou is hulle nie in 'n toestand om die toets te skryf nie.

Die dekaan was 'n redelike man, en sê dis goed, hulle kan die toets oor drie dae skryf. Die studente het dankbaar ingestem en hulle vir die toets gaan voorberei.

Op die dag van die toets was daar vyf vrae wat saam 100 punte getel het. Die dekaan het hulle in aparte lokale laat sit.

MIDDELSEMESTER KLASWERKTOETS

Instruksies: Enige verskille in die antwoorde sal daartoe lei dat die student 'n nulpunt kry.

Vraag 1: Skryf jou naam (2 punte).

Vraag 2: Skryf die name van die bruid en die bruidegom van die troue waarheen julle op pad was (30 punte).

Vraag 3: Wat is die naam van die motor waarmee julle gereis het (20 punte).

Vraag 4: Watter band het gebars (28 punte).

Vraag 5: Wie het die motor bestuur (20 punte).

GOEDKOOP GEHOORSTUK

Van Tonder kom agter dat hy bietjie doof word en besluit om 'n gehoorapparaat te koop. Hy's net bietjie doof, en verdomp suining, so hy wil nie baie geld uitgee nie.

"Hoeveel kos die goed?" vra hy vir die klerk.

"Dit hang af meneer, ons het modelle van R20 tot R2000."

"Nou man, waarvoor wag jy, wys my die R20 model."

Die klerkie vroetel in 'n laai, haal 'n apparaat uit en hang dit om Van Tonder se nek. "Meneer, jy druk nou net die knoppie in jou oor en laat hang die toutjie tot in jou hemp se sak."

"Ja ja, maar hoe werk die ding?"

"Meneer, vir R20 werk hy nie eintlik nie, maar as die mense sien jy het dit aan, praat hulle sommer harder!"

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Ek was saam met Hans Welman daardie oggend toe hy gesneuwel het. Toe ek op 'n slag omgekyk het, het ek 'n lang swart man oor hom sien buk en sy assegaai in hom indryf. 'n Geel hond het van opwinding al om sy swart baas gekef."

DEUR **HERMAN CHARLES BOSMAN**

Ek het opgelet dat, wanneer 'n jong man of vrou tot sterwe kom, mense die gevoel kry dat daar iets moois en aandoenliks in die gebeurtenis is, en dat dit anders is as die sterfte van 'n ou persoon. As daar aan die gedagte van 'n meisie van twintig wat te vroeg in 'n graf afsak, gedink word, is daar 'n soete verlange wat mense allerhande romantiese woorde laat sê, het oom Schalk Lourens gesê.

Sy het gesterf, sê hulle, jonk, sy wat so vol lewe en so pragtig was. Sy was 'n bloeisel wat verlep het voor dit gebloom het, sê hulle, en alles lyk so gepas en mooi. Maar wanneer jy oud word, stel niemand meer veel belang op die manier van jou afsterwe nie. En dit is niemand nie, behalwe jyself.

Toe ek dit vir my vriend, Stoffel Oosthuizen, wat toe saam met my in die Laeveld was, genoem het, het hy heelhartiglik met my saamgestem. Daar was mense wat op 'n hoogdrawende wyse van die dood gepraat het, as die groot gelykmaker, het hy gesê. En daardie bombastiese mense het ook verklaar dat almal deur die dood bloedverwante word.

Die eerste keer wat hy daardie soort van praatjies oor die dood, wat op dieselfde wyse na ons toe kom en ons almal gelykstel, gehoor het, het Stoffel Oosthuizen agterdogtig geword. Dit het geklink soos iets uit 'n toespraak wat deur een van daardie liberale Kaapse politikusse gemaak is, het hy verduidelik.

Ek het iets baie gerusstellend in Stoffel Oosthuizen se woorde gevind.

Toe, om sy bewering te illustreer, het Stoffel Oosthuizen my 'n storie vertel oor 'n voorval wat jare gelede in 'n Transvaalse stamoorlog plaasgevind het. Ek weet nie of hy die storie verkeerdelik vertel het en of dit maar net daardie soort storie was nie, maar teen die tyd wat hy klaargemaak het, het ek agtergekom dat al my onsekerhede na my toe teruggekom het.

□ □ □

"Wanneer jy ook al jy op Nietverdiend is, kan jy gaan loop en kyk na Hans Welman se grafsteen," het Stoffel Oosthuizen gesê. Daardie plat rooi sandsteen is natuurlik teen hierdie tyd verweer aangesien alles so lank gelede gebeur het. Maar die inskripsie is nog leesbaar.

"Ek was saam met Hans Welman daardie oggend toe hy gesneuwel het. Ons kommando is deur die stam in 'n hinderlaag gelei, en was aan die terugval. Ek kon niks vir Hans Welman doen nie. Toe ek op 'n slag omgekyk het, het ek 'n lang swart man oor hom sien buk en sy assegaai in hom indryf. Kort daarna het ek dié kryger Hans Welman se klere sien uittrek. 'n Geel hond het van opwinding al om sy swart baas gekef.

"Alhoewel ekself in lewensgevaar verkeer het, met 'n hele paar dosyn krygsmanne wat te voet deur die bosse reguit op my afgestorm het, het die woede wat ek gevoel het om te sien wat die lang kryger besig was om te doen, my laat waag om 'n laaste skoot in te kry. Ek het my perd se teuels styf getrek, korrel gevat so goed as wat ek onder die omstandighede kon, en die sneller getrek.

"Ek was gelukkig. Ek het die kryger vooroor op die naakte lyk van Hans Welman sien val. Toe het ek my perd spore gegee en op volle spoed weggallop, met die voorste van die krygsmanne so te sê op my. Die laaste wat ek gesien het, was die geel hond wat teen sy baas opgespring het – ek het die kryger dodelik getref, soos ons later ontdek het.

"Soos jy weet het die stamoerlog vir 'n lang ruk voortgesleep. Daar was min vaste veldslae. Hoofsaaklik maar net skermutselinge in die bos soos die een waarin Hans Welman sy lewe verloor het.

"Na omtrent ses maande het daar weer 'n soort van stilte op die Marico en die Zoutpansberg distrikte neergedaal. Toe het die dag aangebreek dat ek, in die geselskap van 'n klompie ander burgers, op die versoek van sy weduwee, uitgegaan het om die stoflike oorskot van Hans Welman te gaan haal vir teraardebestelling in die klein begraafplasing op die plaas. Ons het 'n doodskis saam met ons op 'n kapkar geneem.

"Ons het die toneel van die skermutseling sonder moeite opgespoor. Hans Welman het nie ver van sy eie plaas af gesneuwel nie. Terwyl die vyandigheid aan die gang was, was sy plaas saam met die ander plase in daardie omgewing, tydelik verlate. Ons het na die plek toe gegaan waar ek kon onthou ek Hans Welman dood op die grond sien lê het met die lang swart kryger langs hom.

"Van 'n afstand af kon ek die geel hond sien. Met ons aankoms, het hy in die bos weggesluit. Ek kon nie help om te dink nie dat daar nogal iets aangrypends was oor die dier se getrouheid, selfs al was dit teenoor 'n dooie swart kryger.

"Ons was met 'n rare en vreemde situasie gekonfronteer. Ons het bevind dat dit wat van Hans Welman en die swart kryger oorgebly het, bestaan het uit niks meer as stukkies songedroogde vlees en brokstukke van verbleikte geraamtes nie. Die son en wilde diere en roofvoëls het hulle werk gedoen. Daar was 'n hoop menslike beendere, met hier en daar leeragtige repies swarterige vlees. Maar ons kon nie uitmaak wat die witman s'n of wat die swartman s'n was nie.

"Wat dit nog verder verwarrend gemaak het, was dat heelwat van die beendere heeltemal weg was; sonder twyfel deur wilde diere weggedra die bosveld in na hulle lêplekke toe. Nog iets was dat Hans Welman en die swart kryger omtrent dieselfde grootte was."

Stoffel Oosthuizen het vir 'n rukkie in sy vertelling stilgebly, en ek het my verbeelding vir 'n oomblik by die omstandighede laat stilstaan. Ek het besef presies hoe daardie Boere moes gevoel het oor die gedagte om die oorskot van 'n Transvaalse burger terug na sy weduwee vir 'n Christelike begrafnis te bring, met die moontlikheid dat daar dalk 'n klomp van die swart kryger se beendere deurmekaar kon wees met die burger s'n waar hulle in dieselfde graf sou lê, waarop die malvapers blare van die selonsroos van bo-af sou val.

□ □ □

"Ek onthou dat een van die groep gesê het dat dit die ergste van hierdie stamgevegte was," het Stoffel Oosthuizen voortgegaan. "As dit 'n oorlog teen die Engelse was, en 'n deel van 'n dooie Engelsman per ongeluk in die doodskis gesit was, sou dit nie so baie saakgemaak het nie," het hy gesê.

Hierdie storie het vir my geklink na iets so vreemds soos die Afrika-veld. Stoffel Oosthuizen het gesê dat die groep Boere amper die hele middag besig was ten einde te probeer om die oorblyfsels van die wit man van dié van die swart man uit te sorteer. Teen die aand het hulle alles wat hulle kon vind wat gelyk het na Hans Welman se beendere in die doodskis op die kapkar uitgelê. Die res van die beendere en die vlees het hulle op daardie plek begrawe.

Stoffel Oosthuizen het bygevoeg dat, wat ook al die verskil in hulle kleur was, dit nie moontlik was om te sê dat die kryger se songedroogde vlees enigsins swarter was as die witman s'n nie. In lewende lywe sou jy nie verkeerd wees om tussen 'n wit man en 'n swart man te onderskei nie. Dood, was dit vir jou baie moeilik om hulle van mekaar af te onderskei.

□ □ □

"Natuurlik het ons burgers baie bitter gevoel oor die affêre," het Stoffel Oosthuizen gesê, "en ons gegriefdheid was iets wat ons nie eintlik kon verduidelik nie. Daarna het verskeie ander mans wat daardie dag daar was, vir my gesê dat hulle dieselfde gevoelens van onderdrukte woede soos ek gehad het. Hulle wou gehad het dat iemand – net een keer – 'n opmerking moes maak soos 'in die dood was hulle nie verdeeld nie'. Dan sou jy 'n uitbarsting gesien het, verseker. Maar niemand het egter iets van so 'n aard gesê nie. Ons het almal van beter gewees."

"Twee dae later is daar 'n begrafnisdiens in die klein begraafplasing op die Welman-plaas gehou, en kort daarna is daar 'n gedenksteen van sandsteen, wat jy steeds daar kan sien, opgerig."

~

Dit was die storie wat Stoffel Oosthuizen my vertel het ná ek van my koors herstel het. Dit was 'n storie, soos ek gesê het, wat kenmerke daarin gehad het, so vreemd soos die Afrika-veld. Maar ná daardie malaria-aanval het dit my deen

berusting in my bepeinsinge gebring nie.

Veral toe Stoffel Oosthuizen gepraat het van hoe hy op 'n geleentheid, een skoon nag toe die sterre helder geskyn het, verby daardie stille begraafplaas op die Welman se plaas moes stap. Iets het van die hoop grond langs die sandsteenblad opgespring, het Stoffel Oosthuizen gesê, en hom nogal groot laat skrik.

Dit was dieselfde geel hond.

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:
www.onsdorp.com/ekstra.html